Verwysing: 20200731-7324
Lêerno.: 12/2/13/5
Navrae: Senior Kurrikulumbeplanners Hoofkantoor en Distriksassesseringskoördineerders

Omsendbrief: 0018/2020
Vervaldatum: 31/12/2020

To: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkhoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings

Kort opsomming: *Verskaffing van riglyne vir die implementering van hersiene jaarlikse onderrigplanne, minimum kerninhoud en vaardighede per vak en graad, asook leiding oor assessering vir alle grade in 2020.*

Onderwerp: Riglyne vir die implementering van jaarlikse onderrigplanne, minimum kerninhoud, assesserings- en gehalteversekering van die gewysigde 2020 skoolgebaseerde assessering in alle grade

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het **Omsendbrief S3 van 2020** en **Nasionale Assesseringsomsendbrief 02 van 2020,** albei met 09 Julie 2020 as datum, en **Omsendbrief E 11 van 2020** met 15 Julie 2020 as datum, uitgereik. Hierdie nasionale omsendbriewe verskaf riglyne vir die implementering van die hersiene jaarlikse onderrigplanne (JOP's) wat die minimum konsepte, inhoud en vaardighede per vak en per graad beskryf; en dit verduidelik die implementering en gehalteversekering van die gewysigde 2020 skoolgebaseerde assessering (SGA) vir graad R–9 (Algemene Onderwys en Opleidingsband (AOO-band)) en graad 10–12 (Verdere Onderwys en Opleidingsband (VOO-band)).

2. Die heropening van skole en daaropvolgende infasering van die terugkeer van grade na skole verg dat nuwe maatreëls vir die implementering van JOP's en assessering ingestel moet word om onderrig, assessering en leer vir die res van die skooljaar te ondersteun.

3. Dit is nodig dat daar doeltreffende leierskap op senior bestuurs- en onderwysersvlakke is, terwyl ons werk aan toenemende skoolfunksionaliteit en om seker te maak dat elke leerder deur onderrig en assessering in die huidige omstandighede die beste onderrig wat moontlik is, ontvang.

4. Die hoof- onderrigdoel bly om leerders aan so veel moontlike leergeleenthede op 'n graadvlak bloot te stel om te verseker dat leerders goed voorberei is vir die volgende graad. Ter ondersteuning hiervan, word onderwysers aangemoedig om die insigte van informele en formele assessering (SGA) formatief te gebruik om die doeltreffendheid van onderrig en ondersteuning aan leerders te vergroot sodat hulle kan vorder vanaf hulle huidige stand na die beoogde leeruitkomste.

5. Skole behoort 'n rekord te hou van watter kurrikulumafdelings per graad en per vak nie gedurende 2020 gedek is nie en hierdie inligting gebruik vir onderwysers se beplanning vir die 2021 skooljaar.

6. Gegewe die verminderde tyd wat oor grade heen beskikbaar is, mag daar 'n behoefte wees om te konsentreer op sekere vakke wat die grondvaardighede en kennis wat nodig is verskaf om die volgende graad binne te gaan. Die DBO-riglyn verskaf opsies vir die senior fase wat deur 'n skool gevolg kan word, en wat op hulle omstandighede gebaseer is. Goedkeuring vir enige vermindering van vakke wat aangebied word, moet van die distriksdirekteur verkry word.

7. **Opsomming van die ondersteuningsriglyne in die AOO-band:**

7.1 Grondslagfase

Kerninhoud vir graad R–3	
• Getal vakke bly dieselfde. • Die fokus sal op kerninhoud en vaardighede wees (kyk **AOO Bylae B: Grondliggende inhoud en vaardighede**, p. 5). • Lewensvaardighede moet by **Tale geïntegreer word**.	
Vak	**Fokus**
Tale	Fokus in die besonder op lees en skryf.
Wiskunde	Fokus in die besonder op getalkonsepontwikkeling.
Lewensvaardighede	Die **Lewensvaardighede-**komponent moet by die Tale geïntegreer word met die **fokus op gesondheid en veiligheid.**

Graad R−3 se hersiene assesseringsprogram vir 2020

Vak	Graad	Kwartaal 1	Kwartaal 2	Kwartaal 3	Kwartaal 4
Huistaal (HT), Eerste Addisionele Taal (EAT), Wiskunde, Lewens-vaardighe-	R	Deurlopende SGA	Deurlopende SGA	Deurlopende SGA	Deurlopen-de SGA
	1−3	Deurlopende SGA Formele assesserings-taak (FAT)	Geen formele assessering	Deurlopende SGA (1 FAT per vak*)	Deurlopen-de SGA (1 FAT per vak*)

de		afgehandel			
Gewigs-bepaling	R–3	**100%**			

** Daar sal geen FAT in Kwartaal 3 en 4 vir Lewensvaardighede wees nie omdat dit by Tale geïntegreer is.*

Die gewigsbepaling van 100% vir SGA in die grondslagfase bly onveranderd. Die berekening van die finale bevorderingspunt word van Kwartaal 1, 3 en 4 verkry aangesien geen punte vir Kwartaal 2 bereken is nie.

7.2 Intermediêre fase

Kerninhoud vir graad 4–6	
• Getal vakke bly dieselfde • Die fokus sal op kerninhoud en vaardighede wees (Sien **AOO Bylae B: Grondliggende inhoud en vaardighede**, p. 6–11).	
Vak	**Fokus**
Tale	Fokus in die besonder op lees met begrip en skryf.
Wiskunde	Fokus in die besonder op gesyferdheid.
Lewensvaardighede	Fokus op selfbestuur, gesondheid en veiligheid, uitvoerende en visuele kunste, kreatiwiteit, kommunikasie en kritiese denkvaardighede.
Sosiale Wetenskappe	Klem op kerninhoud en vaardighede vir Geskiedenis asook Geografie binne beskikbare tyd.
Natuurlike Wetenskappe en Tegnologie	Klem op kerninhoud en vaardighede.

Graad 4–6 se hersiene assesseringsprogram vir 2020

Vak	Graad	Kwartaal 1	Kwartaal 2	Kwartaal 3	Kwartaal 4
HT & EAT	**4**	Alle take voltooi	Geen formele assessering	Mondeling, toets (reaksie op tekste)	Skoolge-baseerde toets: Mondeling komponent + Reaksie op tekste + Skryf
	5				
	6			Skryf, toets (reaksie op tekste)	

Wiskunde	**4–6**	Alle take voltooi	Geen formele assessering	Een formele assesse-ringstaak	Skoolge-baseerde toets
Natuurlike Weten-skappe en Tegnologie	**4–6**	Alle take voltooi	Geen formele assessering	Een formele assesse-ringstaak	Skoolge-baseerde toets
Sosiale Weten-skappe: Geografie	**4–6**	Alle take voltooi	Geen formele assessering	Een formele assesse-ringstaak	Skoolge-baseerde toets
Sosiale Weten-skappe: Geskiedenis	**4–6**	Alle take voltooi	Geen formele assessering	Een formele assesse-ringstaak	Skoolge-baseerde toets
Lewens-vaardig-hede	**4–6**	Alle take voltooi	Geen formele assessering	Projek, liggaamlike op-voedings-taak (LOT), algemene assesserings-taak (AAT)	Skoolge-baseerde toets (praktiese AAT ingeslote)
Gewigs-bepaling	**4–6**	**80%**			**20%**

Hersiene gewigsbepalings sal van toepassing wees op die intermediêre fase. Die SGA wat in Kwartaal 1 en 3 afgehandel is, sal tot 80% bydra, en die skoolgebaseerde toets in Kwartaal 4 sal tot 20% van die finale bevorderingspunt bydra. Die skoolgebaseerde toets in Kwartaal 4 sal gebaseer wees op die werk wat in Kwartaal 3 en 4 afgehandel is.

7.3 Senior fase

Kerninhoud vir graad 7–9
• Die fokus sal op kerninhoud en vaardighede wees (Sien **AOO Bylae B: Grondliggende inhoud en vaardighede**, p. 12–24) in die hoop dat alle vakke onderrig sal word. • Om die verminderde tyd egter tegemoet te kom, het die DBO 'n opsie aan skole gegee om die getal vakke in die senior fase vanaf nege na sewe te verminder. • Goedkeuring vir die vermindering van vakke moet van die distriksdirekteur verkry word. • Die keuse van die sewe vakke berus op die skool, nie op 'n leerder of klas by die

skool nie. • Graad 8 en 9: Die fokus sal op diepgaande leer en die keuse van vakke in die VOO-band wees.	
Verpligtende vakke:	**Skole het die opsie om TWEE van die volgende te kies:**
• Tale (HT & EAT) • Wiskunde • Natuurlike Wetenskappe • Lewensoriëntering	• Sosiale wetenskappe • Ekonomiese en Bestuurswetenskappe • Tegnologie • Skeppende Kunste
• Lewensoriëntering: Groter fokus op selfbestuur, gesondheid en veiligheid, en beroepsvoorligting.	

Vakaanbiedinge en -keuses moet sorgvuldig gemaak word om te verseker dat leerders nie leergapings in die VOO-band het nie. Die pakket vir die senior fase-program behoort, waar moontlik, ooreen te stem met die vakke wat die leerder beoog om in die VOO-band te neem.

Graad 7–9 se hersiene assesseringsprogram vir 2020

Vak	Graad	Kwartaal 1	Kwartaal 2	Kwartaal 3	Kwartaal 4
HT & EAT	**7–9**	Alle take voltooi	Geen formele assessering	Mondelinge taak, letterkunde-toets	Skoolge-baseerde toets: Mondeling komponent + Reaksie op toetse + Skryf +Letterkunde (Gr 9)
Wiskunde	**7–9**	Alle take voltooi	Geen formele assessering	Een formele assesse-ringstaak	Skoolge-baseerde toets
Natuurlike Wetenskappe	**7–9**	Alle take voltooi	Geen formele assessering	Een formele assesse-ringstaak	Skoolge-baseerde toets
Sosiale Wetenskap: Geografie	**7–9**	Alle take voltooi	Geen formele assessering	Een formele assesse-ringstaak	Skoolge-baseerde toets
Sosiale Wetenskap: Geskiedenis	**7–9**	Alle take voltooi	Geen formele assessering	Een formele assesse-ringstaak	Skoolge-baseerde toets

Ekonomiese en Bestuurs-wetenskappe	**7–9**	Alle take voltooi	Geen formele assessering	Een formele assesse-ringstaak	Skoolge-baseerde toets
Tegnologie	**7–9**	Alle take voltooi	Geen formele assessering	Een formele assesse-ringstaak	Skoolge-baseerde toets
Skeppende Kunste	**7–9**	Alle take voltooi	Geen formele assessering	Kunsvorms 1 & 2: Praktiese taak	Skoolge-baseerde toets: Kunsvorms 1 & 2
Lewensoriëntering	**7–9**	Alle take voltooi	Geen formele assessering	Projek; LOT	Skoolge-baseerde toets + LOT
Gewigsbepaling	**7–9**	**80%**			**20%**

Hersiene gewigsbepalings sal van toepassing wees op die senior fase. Die SGA wat in Kwartaal 1 en 3 afgehandel is, sal tot 80% bydra, en die skoolgebaseerde toets in Kwartaal 4 sal tot 20% van die finale bevorderingspunt bydra. Die skoolgebaseerde toets in Kwartaal 4 sal gebaseer wees op die werk wat in Kwartaal 3 en 4 afgehandel is.

8. Opsomming van die ondersteuningsriglyne in die VOO-band (Graad 10–12)

8.1 Die DBO het **VOO Bylae A: Wysigings aan SGA-vereistes vir graad 10–12 (2020)**, wat die SGA-vereistes vir graad 10–12 opsom, verskaf.

Graad 10–11
• Hersiene JOP's vir graad 10 en 11 is in die DBO-omsendbrief S2 van 2020, met 26 Mei 2020 as datum, verskaf.
• Alle formele assesserings vir Kwartaal 1 behoort afgehandel te wees. • Geen Junie-eksamen is afgeneem nie. • Assesseringsvereistes vir Tale is nie gewysig nie. • Hoofwysigings aan Tale is van toepassing op voorgeskrewe werke en die verskeidenheid genres wat geassesseer is. • Getal mondelinge take vir Tale is verminder. • Alle praktiese assesseringstake (PAT's) vir graad 10–11 is hersien om COVID-19-protokolle tegemoet te kom. • Praktiese aspekte van Lewensoriëntering se LOT is uitgesluit. • Groeps-/ensemble-opvoerings in die vakke van die uitvoerende kunste is aangepas vir solo-opvoerings. • Lewensoriëntering moet groter klem lê op selfgerigte leer, gesondheid en veiligheid.

Graad 12
• Die kurrikulum vir graad 12 is nie ingekort nie.
• Alle formele assesserings vir Kwartaal 1 behoort afgehandel te wees. • Geen Junie-eksamen is afgeneem nie en dus sal hierdie formele assessering van die SGA uitgesluit word. • Die voorbereidende eksamen (proefeksamen) vir graad 12 moet deur alle skole afgeneem word. • Alle PAT's vir graad 12 is hersien om COVID-19-protokolle tegemoet te kom. • Die getal mondelinge take vir graad 12 is verminder. • Lewensoriëntering moet groter klem lê op selfgerigte leer, gesondheid en veiligheid. • Skole moet toegang tot en gebruik van ondersteuningsinisiatiewe ten volle benut.

9. **Gehalteversekering**

9.1 Gehalteversekering van die SGA, veral modereringsplanne en interne moderering van formele assessering op skoolvlak moet versterk word.

9.2 Distriksmoderering in AOO behoort te fokus op die grondbeginsels van Taal en Wiskunde. Verdere riglyne word in die Nasionale Assesseringsomsendbrief 02 van 2020, met 09 Julie 2020 as datum (kyk Bylae B), aangedui.

9.3 Alle skole moet vir graad 10−12 deur distrikte gemodereer word. DBO se Omsendbrief E11 van 2020, met 15 Julie 2020 as datum, gee voorbeelde van modereringsmodaliteite wat deur distrikte gebruik kan word.

9.4 Provinsiale moderering en DBO-moderering vir graad 12 sal slegs een keer gedurende September/Oktober in 2020 uitgevoer word.

9.5 Alle praktiese eksamens vir graad 12 wat deel van die graad 12-eksamen uitmaak, moet ekstern nagesien word en gemodereer word.

10. Beroepsgesondheids- en veiligheidsvereistes vir COVID-19 moet vir alle assesserings in ag geneem word. Sorgvuldige beplanning word vereis en daar moet voorsorg getref word vir die uitvoering van assesserings van leerders by die skool, leerders met komorbiditeite by die huis, en leerders wat tuis bly (ouers se keuse), asook wanneer assesserings afgehaal en nagesien word.

11. In gevalle waar 'n skool nie in staat is om die assesserings te voltooi nie, soos beskryf in die hersiene assesseringsprogramme en minimum inhoud aangedui vir graad 7−9 en in Bylae A vir graad 10−12, moet goedkeuring van die distriksdirekteur verkry word om die taak weg te laat en die SGA-punte moet bereken word volgens die

veminderde getal take. Die distrik en prinsipaal moet geskrewe rekords van sodanige afwyking vir ouditeringsdoeleindes hou.

12. In gevalle waar leerders nie skool bywoon nie as gevolg van COVID-19-verwante redes, maar aan tuisonderrig onder die leiding van die ouer(s) onderworpe is, moet die assesseringsvereistes vir die res van die skooljaar lank voor die beplande assessering skriftelik aan die ouers oorgedra word. As die FAT 'n toets is, moet die leerder by die skool tegemoetgekom word, met inagneming van die besondere omstandighede van die leerder. Prinsipale moet toesien dat die **integriteit van alle formele assesserings,** soos vir graad 1–12 gespesifiseer, vir alle leerders gehandhaaf word.

13. **Rekordhouding en verslaglewering**

13.1 Skole wat die WKOD se rekordhouding- en verslagleweringsprogramme op SOBIS vir graad 1−9 gebruik, moet kennis neem van die volgende:

13.1.1 'n Nuwe weergawe van die programme (Weergawe 2.0) vir alle grade is op SOBIS beskikbaar om al die veranderinge tegemoet te kom en die administratiewe las te verlig. Skole moet die nuwe weergawe aflaai en hulle bestaande data oorplaas. Dis nie nodig om punte weer vas te lê nie.

13.1.2 Gebruik die "Skip"-funksionaliteit om gevalle waar 'n assessering nie uitgevoer is nie, te hanteer. Dit is reeds toegepas op alle take vir Kwartaal 2 en sekere take vir gekose vakke in Kwartaal 3 en 4 in ooreenstemming met die hersiene assesseringsprogram.

13.1.3 Vir die twee vakke wat moontlik nie in graad 7−9 aangebied word nie, moet die "Skip"-funksionaliteit vir die take in Kwartaal 3 en 4 gebruik word. Die program sal outomaties die taak weglaat en die gewigsbepalings herindeel as die berekenings gedoen word (geen veranderings aan die gewigsbepalings word verlang nie).

13.1.4 Die taakhofies en algehele puntetoekenning is ook in Kwartaal 3 en 4 ontsluit om veranderinge toe te laat om toepaslike formele assesserings, waar nodig, tegemoet te kom.

13.1.5 Gebruik "A:Abs", waar nodig, om geldige afwesigheid vas te lê.

13.1.6 Besonderhede oor die veranderinge kan op die "Instructions"-blad van die programme aangetref word.

13.2 Die WKOD sal die huidige rekordblaaie vir graad 10−12 wysig om die SGA-wysigings tegemoet te kom.

13.3 Skole wat die SA-SAMS- of ander stelsels gebruik, moet die aanwysings volg wat in die Nasionale Assesseringsomsendbrief 02 van 2020, met 09 July 2020 as datum (kyk

Bylae B vir graad 1−9), weergegee is, en kan die skoolinstruksie vir rekordhouding en verslaglewering vir graad 10−12 in die VOO Bylae A besigtig.

13.4 Geen formele skoolrapporte sal vir Kwartaal 2 uitgereik word nie. Verslagkaarte moet vir Kwartaal 3 en 4 gemaak word. Die kommentaar in die verslagkaart moet 'n oorsig aandui, met inagneming van die formele sowel as die informele assesserings wat uitgevoer is.

14. Die implementering van hierdie riglyne deur alle skole word hoog op prys gestel.

15. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle onderwysers te bring.

GETEKEN: HA LEWIS
WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-08-03